**WERKKAART 1**

**MODULE 1**

---

Blaai na bladsy 1 van jou leerderboek en lees die module se oorsig.

1. Kyk na die volgende woorde: “module” en “kennis”. Watter twee verskillende letters word gebruik om dieselfde klank voor te stel?
2. In die eerste sin van paragraaf 3 kom woorde voor waar twee verskillende letters gebruik word om dieselfde klank voor te stel. Skryf hierdie twee woorde neer en onderstreep die klank.

Lees nou die eerste twee sinne van paragraaf 2.

3. a) Skryf al die selfstandige naamwoorde wat in hierdie twee sinne voorkom, alfabeties neer.
   b) Skryf jou eie gepaste byvoeglike naamwoord vir elkeen van hierdie selfstandige naamwoorde neer. Onthou: Die byvoeglike naamwoord moet die selfstandige naamwoord beskryf.
   c) Skryf nou die verkleiningsvorm van hierdie selfstandige naamwoorde neer.

Lees nou paragraaf 3.

4. a) Skryf twee voorbeelde van byvoeglike naamwoorde in hierdie paragraaf neer.
   b) Skryf al die hoofwerkwoorde neer wat in hierdie paragraaf voorkom.

Lees nou paragraaf 4.

5. a) Soek 'n voorbeeld van 'n woord waar die konsonant verdubbel na 'n kort vokaal.
   b) “Wanneer ’n pre- of postmorfeem (voor- of agtervoegsel) gevoeg word by 'n basisvorm wat die klanke *ie (i), eu, oe, ei, y, ou, ui, aai, ooi, oe* en *eeu* bevat, bly die basisvorm dieselfde en die slotkonsonant verdubbel ook nie”. Skryf 'n voorbeeld van so 'n woord uit paragraaf 4 neer. Onderstreep die basisvorm.
6. Verbind die volgende twee sinne met die voegwoorde tussen hakies. Onthou die korrekte woordorde.
   a) Strokiesverhale bevat baie min dialoog. Strokiesverhale bevat geen dialoog nie. (óf . . . óf)
   b) Redakteurs bepaal die spasie vir strokiesprente in 'n koerant. Redakteurs bepaal die hoeveelheid strokiesprente in 'n koerant. (sowel . . . as)
   c) Vloeiende lyne dui beweging aan. Dit help om die verloop van die storie te volg. (omdat)
   d) Politiek is altyd so ernstig. Die doel van strokiesverhale is om lesers te vermaak. (daarom)

7. Lees die volgende teks.

a) *Deni stuur die storielyn. Gavin teken dit*. "Mama Taxi" is 'n b) *wild* strokie by c) *nuuskierig* lesers. Selfs die d) *klein* e) *lees* geniet f) *elke week* se g) *publiseer*. Hoe h) *oud* jy is, hoe i) *goed* sal jy die humor verstaan. j) *Agter elke donker wolk, . . .*

k) *Baie vreemde* mense l) *voorkeer Gavin op straat* en vertel hoe m) *baie nodig* humor deesdae is. Deni is n) *baie verwonderd* oor die o) *baie eerlik* mense se p) *opmerkings*. Hoe q) ge*wild* Mama Taxi raak hoe r) *beskeie* is Deni oor die sukses van die s) *baie mooi* strokie wat sy nog geskryf het.

Gavin en Deni is tref t) *reëlings/relings* vir hul u) *boek + bekendstel.*

Beantwoord die volgende vrae wat op die teks gebaseer is.

a) Verbind die twee sinne met die voegwoord "nadat".

b) Skryf die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord.

c) Skryf die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord.

d) Skryf die korrekte trap van vergelyking.

e) Vorm 'n selfstandige naamwoord en skryf dit in die verkleiningsvorm.

f) Gee een woord vir die omskrywing.

g) Vorm 'n selfstandige naamwoord.

h) Skryf die korrekte trap van vergelyking.

i) Skryf die korrekte trap van vergelyking.

j) Voltooi die uitdrukking.

k) Skryf die korrekte intensiewe vorm.

l) Skryf die korrekte woordorde

m) Skryf die korrekte intensiewe vorm.

n) Skryf die korrekte intensiewe vorm.

o) Skryf die korrekte intensiewe vorm.

p) Skryf die korrekte verkleining.

q) Skryf die korrekte trap van vergelyking.

r) Skryf die korrekte trap van vergelyking.

s) Skryf die korrekte trap van vergelyking

t) Gebruik die volgende woordeboekuittreksel om die korrekte woord te kies:

**re´ëling, -s. 1.** Voorbereidsel **re´ling, -s. 1.** Lang dwarshout aan elke kant oor die hele lengte van 'n wa om die laaivermoë te verhoog.

u) Skryf as een woord.

**Vir inligting oor u naaste boekhandelaar of vryskutagent kontak**

**Elana Bredell** Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap) | Regional Sales Manager Schools (Coastal Regions, Free State, Northern Cape) elana.bredell@nb.co.za of

**Henk Viljoen** Streeksverkoopbestuurder: Skole (GT, MPU, NW, E.C., L) | Regional Sales Manager Schools (GT, MPU, NW, E.C., L) **henk.viljoen@nb.co.za**.